education
Department: Education
GAUTENG PROVINCE

# Johannesburg Cluster
# Common Examination
# Vraestel 1
Begrip, Opsomming en Taal

November 2011

# AFRIKAANS HT
# GRAAD 11

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taal (30)

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep ná elke afdeling
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.
9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A :BEGRIPLEES
## VRAAG 1

### *Facebook*

# Waar is my vriende heen?

Oral sien 'n mens hulle. Hulle loop met die slim selfone in die hand en die geringste geluidjie uit die foon laat hul vervaard afkyk om te sien wat aan die gebeur is, die res van die wêreld vergete. Nou moet eers 'n slim antwoord uitgedink word en getik word.

Facebook - wat ongetwyfeld die grootste sosiale netwerk is met meer as 500 m. lede - is begin om mense te help om in kontak te bly met vriende, om nuwe vriende te maak, dagboek te hou en te boer op Farmville - om maar 'n paar van die aanlyn-aktiwiteite te noem. Alles baie edel ...

Maar as jy so besig raak in dié virtuele lewe dat jy vergeet van jou regte lewe en jouself en jou regte mense begin afskeep, moet jy twee keer dink.

Sielkundiges wêreldwyd stem saam dat daar beslis iets soos internetverslawing is én dat dit toenemend 'n probleem raak omdat die psigo-sosiologiese afwyking uiteindelik kan lei tot onttrekkingsimptome en die terugtrek uit sosiale verhoudings in die werklike lewe. Van ál die internetverslawings is Facebook-verslawing die heel ergste.

Volgens dr. Jacques van Zyl, sielkundige van Johannesburg, word internetverslawing al sedert die middel-1990's erken as 'n nuwe soort geestesgesondheidsprobleem.

"Dié soort verslawing is, anders as by dwelms en alkohol, sosiaal aanvaarbaar en as 'n mens pragmaties-filosofies (werklikheidsdenke) daarna kyk, is dit so dat die mensdom ingestel is op plesier en probeer om pyn so ver as moontlik te vermy.

'n Medium soos Facebook bied die moontlikheid om die plesiersoekende behoefte aan konneksie en kommunikasie te bevredig sonder die commitment van persoonlike verhoudings – iets wat gewoonlik die risiko van pyn met hom saambring.

Gedissiplineerde gebruikers van sosiale media sal egter nie in die groep val nie."

In onlangse navorsing deur *Oxygen Media* en *Lightspeed Research* is bevind :

- dat sowat 'n derde van vroue tussen die ouderdomsgroep van 18 tot 34 soggens op Facebook ingaan nog voordat hulle tande geborsel het.

- 21% van 'n groep van 1605 mense wat ondervra is, erken hulle word in die middel van die nag wakker om te gaan kyk of daar iets nuuts op Facebook gebeur het.
- meer as 100 m. mense het Facebook op hul selfone en hulle is twee keer meer aktief as diegene wat afhanklik is van hul rekenaars om aan te meld.

Wat maak Facebook so onweerstaanbaar?

Waarskynlik die gevoel van selfwaarde wat dit jou bied. Die gebruiker kan aanhoudend oor hom- of haarself praat sonder om gebrandmerk te word as self-obsessief.

Die behoefte om te weet wat aangaan in jou wêreld. Facebook maak dit moontlik om selfs 'n bietjie te veel te weet sonder om te voel jy steek jou neus in ander mense se sake.

Die gedagte dat jy na foto's kan kyk en eintlik op ander kan spioeneer sonder dat hulle dit ooit sal weet, is erg opwindend vir baie mense.

Facebook help ook mense om kontak te maak met mense en om kontak te hou. Hulle ontmoet ook baie nuwe mense daar – iets wat buite die virtuele wêreld baie tyd en energie verg.

Die illusie dat Facebook eensaamheid onmiddellik verdryf, is seker een van die belangrikste redes. Met Facebook wat toenemend op selfone is, is jou "vriende" en geselskap net so ver soos die druk van 'n knoppie.

Daar is niks verkeerd met 'n betrokkenheid by die virtuele wêreld nie, maar die vlak van betrokkenheid en wanneer jy só betrokke raak dat jy persoonlike- en werkverpligtinge op die agtergrond skuif, kan dit 'n probleem raak.

Verwerk uit: *My Tyd*, Rapport,23 Januarie 2011.

**VRAE:**

1.1 Wat word geïmpliseer met die woorde : *Hulle loop met slim selfone in die hand* (r.1)? (1)

1.2 Wat is die verband tussen par. 2 (r.5-8) en par. 3 (r.9-10)? (1)

1.3 Waarna verwys *virtuele lewe* (r.9-10)? (1)

1.4 Skryf die hoofgedagte van r.19 -22 in 'n enkelvoudige sin neer. (1)

1.5 Watter inligting is in r. 9-10 weggelaat en om watter rede is dit gedoen? (2)

1.6 Reëls 29-32 is van toepassing. Is hierdie stelling 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. (2)

1.7 Watter afleiding kan 'n mens maak as jy r. 31-32 met r. 51-52 vergelyk? (2)

1.8 Wat is Facebook? (r. 5-8) (1)

1.9 Van watter woordaanpakvaardigheid het jy gebruik gemaak vir jou antwoord in 1.8? (1)

1.10 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is:
*Facebook maak dit moontlik om jou neus in ander mense se sake te steek.* (r.44-45) (1)
Motiveer jou antwoord.

1.11 Som die skrywer se standpunt oor Facebook in een sin op. (1)

1.12 Hoe voel jy oor Facebook nadat jy die artikel gelees het? (1)

**[15]**

**EN**

**Bestudeer hierdie inhoudsopgawe en beantwoord die vrae wat volg:**

38



# Inhoud

6 AUGUSTUS 2010




**BOK VAN BLERK EN HANNA GROBLER**
Fotograaf: Ivan Naudé
Grimering: Kim Winterscale
Stilering: Anlie Janse van Rensburg


14



34



28




**8 * 'Ons is 'n goeie span'**: Baie pret, lekker lag en omgee vir ander, is die dinge wat Bok van Blerk en Hanna Grobler na aan mekaar hou.

**10 * 'Niemand het hul nog doodgelag nie'**: Hy noem humor sy 'weapon of mass distraction'. Pieter-Dirk Uys gesels oor sy alterego, 'n nuwe resepteboek en desperate dames.

**12 * G'n etikette vir dié vroue!**: Ons gesels met twee vroue wat op uiteenlopende maniere hul hart volg en só die krag van die vrou uitlig.

**14 * Die gemene deler? Gee!**: Dié drie vroue is trotse Suid-Afrikaners en deel 'n spesiale belangstelling – 'n liefde vir hul medemens.

**18 * Maak jou kind dwelmbestand:**: Daar word gereeld teen die gevare van dwelmmisbruik gewaarsku, maar kenners sê 'n mens kan wel jou kind daarteen beskerm.

**20 * G'n blye ontmoeting**: Sy biologiese ma het hom ná jare opgespoor, maar hy was ontnugter met die hereniging.

**22 * ''n Wet verander niks'**: Aborsie is wettig, maar dit bly vir die meeste vroue traumaties. Twee vroue deel hul ervaring met ons.

**24 * Die grootste geskenk nog**: Ons wou by lesers uitvind wat die een ding is wat hulle die graagste vir hul kinders wil gee.

**26 * Met Maretha**: Die aarde in gedrang!

**28 * Haal sukkel uit oefen**: Jou persoonlikheid kan bepaal van watter oefening jy hou.

**43 * Ek…ek…ek**: Eensydige vriendskappe put jou uit en is nie jou tyd of energie werd nie!

**50 * Sy help hulle práát:** Monica Will het die silwer randjie om die donker wolk van haar seun se gestremdheid gesien. Vandag gebruik sy dit om ander te bemagtig.

**52 * Waarom is dié mans so sexy?** Hulle het geld, status en mag en sekere vrouens kan hulle net nie weerstaan nie, trouens, hulle word behoorlik gejag!

**54 * Speel saam …en wen!**: Mans en vroue speel dikwels 'n verhoudingspel. Wees hom een voor deur syne te verstaan.

**56 * Is daar lewe daarbuite?**: Een van die wêreld se bekendste wetenskaplikes sê ons is nie die enigste lewende wesens in die heelal nie en baie stem met hom saam.

**62* Groen, groener groenste:** Ons het by 'n paar TV-persoonlikhede uitgevind of hulle probeer om die koolstofvoetspoor te verklein deur ekovriendelik te leef.


* Voorbladartikels

1.13 Monita Will het die silwer randjie om die donker wolk van haar seun se gestremdheid gesien (bl. 50). Wat is ironies hieraan? (1)

1.14 In die artikel op bl.14 word daar van die *gemene deler* gepraat. Word dit konnotief of denotief gebruik? (1)

1.15 Wat noem ons 'n persoon wat aan die hoof van 'n tydskrif is? (1)

1.16 Wie is die teikengroep van die artikel op bl.52? (1)


1.17 Die laaste deel van die sin (bl.20) is 'n voorbeeld van gevoelstaal. Skryf die sin oor om die boodskap neutraler weer te gee? (1)

1.18 Dink **jy** die realiteit bestaan wel om jou kind dwelmbestand te maak? (***nr. 18*** -Voorbladartikels). Gee 'n kort motivering. (1)

1.19 Dink jy die illustrasie vir bladsy 14 pas by die artikel? Motiveer jou antwoord. (1)

**[7]**

Bestudeer die volgende spotprent (Vrydag 17 September 2010 in *Beeld*) en beantwoord die vrae wat volg:




**BEELD:**
METRO BOOS OOR SPOEDSTRIK-TWIETS

1.20 Wat is die doel van die spoedmeter ? (1)
1.21 Waaroor het die voëltjies ge-"twiet"? (1)
1.22 Die "metro" is boos. Na wie verwys "metro" eintlik? (1)
1.23 Noem twee maniere wat die kunstenaar gebruik het om aan te dui dat die man in die spotprent boos is. (2)
1.24 Op watter sosiale netwerk "twiet" 'n mens? (1)
1.25 Wat dink jy was die gevolge van die "twiets" vir die motoriste en die metro? (1)
1.26 Dink jy die metro het rede om boos te wees oor die "twiets"? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

**[8]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING:**
**VRAAG 2**

- Lees die onderstaande teks en maak 'n opsomming (van nie meer as 90 woorde nie) van die tieners, die ouers en die kenners se sienings oor woede-uitbarstings.
- Noem : 1 - die gemeenskaplike aspek wat tieners kwaad maak
  2 en 3 - nog twee goed wat hulle kwaad maak
  4 en 5 - twee maniere waarop ouers woedebuie hanteer
  6 en 7 - kenners se raad.
- Skryf die punte onder mekaar neer.
- Onthou om volsinne te gebruik.
- Skryf die aantal woorde wat jy gebruik het onderaan jou antwoord neer.

## *WOEDE-UITBARSTINGS*

**Die tieners dink so**

Louise: "Ek verloor my humeur as my ouers dink hulle kan my gedagtes lees. En wat dissipline betref, dink ek hulle moet inkomtye aanpas by wat ek doen.
As 'n partytjie agtuur begin, kan ek net sowel by die huis bly as ek al elfuur moet terug wees. Van my vriende mag nie in eksamentye uitgaan nie. Ek dink ouers moet kinders toelaat om hul eie lewe te reël. Ons punte het niks met hulle uit te waai nie."

Megan:"Ek raak kwaad as hulle sommer aanneem hulle weet goed oor my, of as ek na my vriende toe wil gaan en hulle wil my nie toelaat nie. My inkomtyd is so om en by elfuur, maar twaalfuur sou baie beter wees. Dis regtig simpel om voor middernag te waai."

Oz: "Ek haat dit as my ouers dink hulle weet alles – dit maak my van my kop af van woede. Wat algemene dissipline betref, voel ek hulle moet ons toelaat om ons eie ding te doen, en as jy gevang word, of as daar nagevolge is, moet jy self die verantwoordelikheid dra."

**So hanteer die ouers dit**

Debbie: "My tieners mag woede-uitbarstings hê, maar daar is 'n streep waaroor hulle nie mag trap nie. Ek sal byvoorbeeld nie toelaat dat hulle my verbaal mishandel nie. Ek is 'n krisisberader en het al gesien as tieners eers oor dié streep trap, is dit baie maklik om dit weer te doen. Dis moeilik om nie betrokke te raak by woede-buie nie, maar dis belangrik om kalm te bly en jou daaruit te hou."

Viki: "My seun is af en toe in 'n slegte bui, maar hy kry gelukkig nie uitbarstings nie. Maar ek het in my werk met adolossente geleer dat as 'n tiener so 'n uitbarsting kry, moet jy probeer vasstel wat die probleem is, vir hom ruimte gee en voortgaan om grense te stel. Tieners het perke nodig."

Anne: "Ek ignoreer woede-uitbarstings. Ek wil nie met hulle praat voor hulle heeltemal gekalmeer het nie. Ek sê gewoonlik: "Gaan na jou kamer toe en bly daar totdat jy die probleem op 'n redelike manier kan oplos."



Blaai om asseblief

**Wat sê die kenners?**

Kenners se raad is dat 'n mens so onbetrokke moontlik moet bly as 'n tiener 'n woede-uitbarsting het. "Stel duidelike grense en gee hulle die geleentheid om uiting te gee aan hulle gevoelens. Maak net seker dat jy nie te inmengerig oorkom nie. Sê iets soos: "As jy meer redelik dink oor die saak, kan jy met my praat." Maar moenie soos die kind raak nie.

Uit *dit* April 2003

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: KOERANTBERIG

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Selfone belangriker as hulle ouers, sê jeug in SA**

*- Jody Nel*

1 Suid-Afrikaanse jongmense het in 'n peiling die belangrikste dinge in hulle lewe netjies in volgorde duidelik gemaak: familie, 'n selfoon, geld, ouers en MXit.

2 Meer as 5800 jongmense van ses provinsies het aan die onlangse *Sunday Times* Generation Next-opname deelgeneem.

3 In die afdeling "Waarsonder kan jy nie leef nie", het respondente in volgorde gesê hulle kan nie sonder familie, 'n selfoon, geld, ouers of MXit klaarkom nie.

4 Hulle is gevra om die handelsmerke te kies wat hulle dink die koelste is.

5 MXit het in vier afdelings onder die top vyf geëindig.

6 Dié sosiale netwerk is in Suid-Afrika ontwikkel.

7 MXit was in die peiling die gunsteling- sosiale netwerk onder jong mense in Suid-Afrika en het daarmee stof geskop in die oë van internasionale netwerke soos Facebook, Google, Yahoo en You-Tube.

8 Dit is ook gekies as die beste selfoon-toepassingsagte-ware (*app*.). In dié afdeling was MXit gewilder as Facebook en ander selfoon-toepassings.

9 Luidens 'n verklaring namens die Sunday Times Generation Next-opname registreer daar daagliks tussen 25 000 en 28 000 nuwe gebruikers op MXit. Daar is meer as 20 miljoen gebruikers.

10 Dié gebruikers stuur tien keer meer boodskappe per dag as die daaglikse getal tweets op Twitter.

11 In die afdeling oor die gunsteling-slagspreuk het MXit se "Join the evolution" derde geëindig met net Nike se "Just do it" en MTN se "Ayoba" wat gewilder is.

*BEELD:14 OKTOBER 2010*

3.1 Gee die oortreffende trap van '*netjies*' (paragraaf 1). (1)

3.2 Wat is die funksie van die dubbelpunt in paragraaf 1? (1)

3.3 Die woord *'familie'* (paragraaf 1) verwys. Skryf net die korrekte woord neer:

Sy optrede was glad te (*familie*). (1)

3.4 Waarom spel ons *'selfone'* (opskrif) met een o, maar *'selfoon'* (paragraaf 1) met twee o's? (2)

3.5 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die alfabetletter as antwoord neer.

*'Selfoon'* (paragraaf 1) is 'n voorbeeld van:

A afleiding
B samestelling
C samestellende afleiding (1)

3.6 Die woord *geld* (paragraaf 1) verwys. In 'n sin soos *'Ek laat my geld deur my geld'* is *'geld'* 'n voorbeeld van polisemie. Bewys dit deur te sê waarna *'geld'* in elke geval van die voorbeeldsin verwys. (2)

3.7 Skryf *'Selfone belangriker as hul ouers...'* (opskrif) in die ontkennende vorm. (1)

3.8 Waarom is *Sunday Times* (paragraaf 2) kursief gedruk? (1)

3.9 Skryf 'n voorbeeld van 'n deeltjiewerkwoord (skeibare werkwoord) uit paragraaf 2 neer. (1)

3.10 Vorm 'n werkwoord van *'respondente'* (paragraaf 3). (1)

3.11 Wat noem ons die 's' in *'handelsmerke'* (paragraaf 4)? (1)

3.12 Verduidelik in jou eie woorde wat *'koelste'* (paragraaf 4) beteken in nie meer as 5 woorde nie. (1)

3.13 Vorm deur middel van die gebruik van klinkerwisseling 'n selfstandige naamwoord van *kies* (paragraaf 4). (1)

3.14 Gee die verkleiningsvorm van *'afdelings'* (paragraaf 5). (1)

3.15 Wat is die funksie van die deelteken in *'geëindig'* (paragraaf 5)? (1)

3.16 Die woord *'ontwikkel'* (paragraaf 6) verwys. Maak TWEE aparte sinne sodat die betekenisverskil duidelik blyk tussen ontwikkelde en ontwikkelende. (2)

3.17 Wat beteken die uitdrukking *'...stof geskop in die oë...'*(paragraaf 7)? (1)

3.18 Gee 'n sinoniem vir *'internasionale'* (paragraaf 7). (1)

3.19 Wat noem ons 'n inwoner van Suid-Afrika (paragraaf 7)? (1)

3.20 Identifiseer en benoem 'n determineerder in paragraaf 8. (2)

3.21 Gee 'n sinoniem vir *'luidens'* (paragraaf 9). (1)

3.22 *'Gebruiker'* (paragraaf 9) en *'verbruiker'* word dikwels verwar. Maak sinne met albei woorde sodat die betekenisverskil duidelik sal wees:

3.22.1 gebruiker
3.22.2 verbruiker (2)

3.23 Gee die intensiewe vorm van *'nuwe'* (paragraaf 9). (1)

3.24 Vorm 'n persoonsnaam van *'boodskappe'* (paragraaf 10). (1)

3.25 Watter woord in paragraaf 10 is 'n nuutskepping (neologisme) wat met tegnologie verband hou? (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**